Huis Betlehem

Huis Betlehem Trust

Reg no: IT1176/10

EHMKESTRAAT 105 NELSPRUIT 1200	ELANDSTRAAT 39 WITRIVIER 1240	POSTNET SUITE 262 PRIVAATSAK X 11326 NELSPRUIT, 1200	TELEFOON: 013 744 3133 TELEFOON: (013) 751 3515 E-POS: betlehem @vodamail.co.za

26 Junie 2017

Beste gemeentelid,

I/S HUIS BETLEHEM

Baie dankie vir die geleentheid om Huis Betlehem se werksaamhede en behoefte met u te deel.

Met die hulp van vele donateurs was dit vir ons reeds 18 jaar moontlik om ‘n verskil in 370 kinders se lewens te maak. Ons bied getraumatiseerde kinders ‘n plek van veiligheid, nadat hulle statutêr uit hul ouerhuise verwyder moes word. Soos die ondersoeke afgehandel word, word die kinders weer terug- of uitgeplaas. Beide die huise kan tot 6 kinders huisves en hul ouderdomme wissel van geboorte tot en met 18jaar.

Huise Betlehem te Witrivier en Nelspruit word onder die vaandel van Huis Betlehem Trust en die CMR as ‘n Nie-winsgewende organisasie bedryf. Ons ontvang amper geen staatsubsidies nie en is vir al ons materiële en finansiële skenkings afhanklik van die gemeenskappe van Witrivier en Nelspruit. Alle Maatskaplike organisasies, bv. “Childline”, Kindersorg en die Departement: Sosiale Ontwikkeling plaas hul kinders via die hof, in ons sorg.

Die swak ekonomie het ‘n negatiewe impak op ons donasies, maar dit verhoog ook die behoefte vir die plaas van kinders. Met die vakante huisouerpos in Nelspruit, is daar ook ‘n groter las op die Huis in Witrvier om meer kinders te versorg – daar is tans 9 kinders.

Vroeg in 2017 moes ons noodgedwonge Witrvier huis skuif na ‘n duurder perseel, wat ‘n verdere las op ons Finansies plaas. Ons reserwe fondse is uitgeput en ons sal eersdaags moet besin of ons nog met 2 huise kan voortgaan aldan nie.

Die Staat vereis dat ons, ons Huise as ‘n “Child and Youth Care Centre” (CYCC) moet registreer, om aan sekere reëls en regulasies te voldoen. Die voordeel daaraan verbonde is dat ons ‘n toelae per kind kan ontvang. Dit is ongelukkig ‘n lang uitgerekte en duur proses.

Al is daar by ons huise hulp en ander behoeftes ook nodig, is ons fokus tans om meer donateurs te kry wat maandeliks per debietorder vir ons finansieël kan ondersteun, om steeds met hierdie belangrike werk, vir ons gemeenskap te kan voortgaan. Die maandelikse uitgawes, soos bv. water-en-ligte, kruideniersware en lone word uit finansiële donasies betaal. Ons Finansiële state is aan ons donateurs beskikbaar en ons reik ook ‘n A18 kwitansie uit, sou dit versoek word.

Vir u gerief heg ons ‘n debietordervorm aan, wat u kan voltooi en terugstuur aan NG Kerk Nelspruit Suid se Finansiële beampte, Annemarie Oosthuizen wat dit dan maandeliks aan die betrokke huis van u keuse kan oorbetaal. Vir meer ingligting of alternatiewe hulp, is u ook welkom om Mariaan Lourens te kontak by 079 490 5095.

Huis Betlehem groete,
Huis Betlehem Trust

TRUSTEES:

Louis Pienaar, Jorina Schutte, Christo Bouwer, André du Plessis, en Henk van Coller, Herman Zietsman en Trienie Drotschie 3/2017